

20 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 49:1-50:3 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 49:14-16

In die handpalm gegraveer

Hoofstuk 49 bied die tweede van vier profesieë oor die Knecht van die Here. Die Knecht van die Here is hier weer die Messias – die Christus. Die woorde het regstreeks op Hom betrekking en vind in Hom vervulling. Aanvanklik is die Messias self aan die woord: “Die Here het My geroep van die moederskoot af, van my geboorte af het Hy my naam genoem.” Die letterlike vervulling hiervan was toe die engel van die Here aan Josef verskyn het toe hy van Maria wou skei. Dan hoor ons van die toerusting van die Knecht van die Here: Hy het my mond gemaak soos ’n skerp swaard. Sy eerste roeping is om God te verheerlik deur “Jakob na Hom terug te bring” en tweedens deur ’n lig te wees vir die nasies. Sy loon (vs 4b) bestaan daarin dat die konings van die aarde Hom sal vereer, dat in Hom die verbond vernuwe word en dat Hy sy volk sal verlos.

Die kosbare troos lê egter vir ons in die rede vir God se Knecht se sending. As Sion sê: “Die Here het my verlaat, en die Here het my vergeet!” dan ontvang ons hierdie juweel van ’n driedubbele versekering van die Here: “Kan ’n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie! Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer; jou mure is gedurig voor My”. Die Here het ons in sy handpalms gegraveer! In alles wat Hy doen, dink Hy aan ons!

Sing: Psalm 42:6

Ds FJ du T Lessing (Emeritus)